Groen rooibos help kanker dalk keer

ELSABÉ BRITS

KAAPSTAD. – Navorsing wat hier gedoen is, toon dat groen rooibostee voordelig kan wees in die bestryding van minstens twee soorte kanker. Die eerste kliniese toetse oor die gesondheidsvoordele van rooibostee vir volwassenes wat 'n risiko het om hartsiektes te ontwikkel, is ook pas afgehandel.

Dié jongste navorsingsnuus oor rooibostee is gister bespreek op 'n wetenskapkafee wat aangebied is deur die Suid-Afrikaanse Rooibosteeraad en die betrokke navorsers by die MNTSciencentre in Kaapstad.

Dr. Kareemah Gamieldien van die Mediese Navorsingsraad se Promec-eenheid, het gesê hul studie het reeds getoon dat groen rooibostee (ongegis) die aantal en grootte van kankergewasse op die slukderm van muise verminder.

Die resultaat was die beste met die groen rooibostee, vergeleke met die tradisionele rooibostee.

Daar is ook gevind dat groen rooibostee velkankerselle verminder wanneer dit op die vel aangewend word. Daar moet egter nog navorsing gedoen word om die aktiewe elemente te isoleer en 'n produk op die mark te plaas. Dit geld dus nie vir produkte wat tans op die mark is nie.

Dr. Jeanine Marnewick van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, het vandeesweek 'n studie van 14 weke voltooi. Dit is die eerste in sy soort wat kyk na die moontlike voordele wat rooibostee vir volwassenes wat reeds die risiko het om later hartsiektes te ontwikkel, kan inhou.

Tydens die aktiewe toetsperiode het die 46 mense elkeen ses koppies rooibostee per dag ingeneem, en so min as moontlik ander produkte wat bestanddele bevat wat met die aktiewe bestanddele van rooibostee ooreenstem. Verskeie toetse is op die deelnemers gedoen en die resultate word teen middel volgende jaar verwag.

Marnewick het gesê mense moet altyd onthou om 'n balans in hul dieet te hê tussen oksidante en anti-oksidante. "Dit is nie waar dat meer van iets, altyd 'beter' beteken nie," het sy gesê.

Duisende Suid-Afrikaanse ma's kan getuig van een of ander positiewe kwaliteit wat rooibostee het nadat dit vir 'n huilende baba ingegee word, of indien 'n sonverbrande kind daarin gebaai word. Maar navorsers weet nog nie wat presies dit van rooibostee is wat moontlik helende kwaliteite het nie.

Me. Debora van der Merwe, 'n doktorale student aan die Universiteit Stellenbosch, doen navorsing om uit te vind hoe die aktiewe bestanddele van rooibos in die liggaam gemetaboliseer word.

'n Polifenol genaamd aspalathin is eie aan rooibos, maar dit is tans onbekend wat presies met laasgenoemde gebeur wanneer dit die liggaam binnekom en of dit hoegenaamd opgeneem word.

Die navorsing wat tans onder meer gedoen word, poog om te sien wat presies die voordelige bestanddele van rooibos is en hoe dit in die liggaam opgeneem word.

Besoek die Suid-Afrikaanse Rooibosteeraad se splinternuwe webtuiste by www.sarooibos.org.za

DIE BURGER 10 NOV 2007